

Josef

'n oor om in te fluisster

Hulle is klein grootmensies wat al baie dinge deurgemaak het. Maar hulle weet: Vir 'n perd kan jy alles vertel. M'Lani Basson en Josef gee sin in kinders se lewe

soos vertel aan **Suzette Truter**
foto's **Rodger February** stilering **Danny Toïa**

“Die mooiste geluid wat ek in my lewe gehoor het,

is die woorde van 'n 12-jarige meisie wat nog nóóit voorheen gepraat het nie. Sy't op die groot bruin perd gesit en in sy oor gefluister: 'Kóm, Josef. Kóm, Josef.'”

Daar is baie hoendervleis-oomblikke soos dié as jy werk met kinders wat spesiale behoeftes het (fisiek of psigies), maar die wonderlikste bly vir my wat hierdie doodgewone ou boerperd in hul lewe beteken.

Want as jy nie kan loop of jouself kan bad nie, of jy weet dalk nie in watter toestand jou pa vanaand gaan huis toe kom nie, maar jy kan self 'n perd van 400 kg in sy spore laat stop ... dís mos selfvertroue.

Sowat 40 leerders van die Ligstraal Skool vir Spesiale Leerders in Paarl-Oos kom elke week in groepies van vier na die Amado-sentrum op ons kleinhoewe in die Paarl. Party is epilepsieyders met lae breinfunksionering, ander is getraumatiseer, ander ly aan serebrale verlamming, fetale alkoholsindroom, Down-sindroom of hiperaktiwiteit – en die meeste kom uit lae sosio-ekonomiese toestande.

Hier kan hulle elke week vir 'n paar uur net onbevange kind wees. Dis ongelooflik lekker om deur hul oë weer te ervaar hoe ék gespeel het. Ek is so bevoorreg om al 22 jaar hier op Protea Hoogte in Suider-Paarl te woon. Nou kan ek teruggee aan hierdie kinders, wat op plekke woon waar daar nie eens 'n boom is nie, of waar die hele gesin dalk in een kamer slaap. Dis grootmense in klein lyfies, hulle het al dinge gesien wat jy nooit sal nie.

Ek het altyd geweet ek wil met kinders werk – ek het net geduld met kinders en diere! My twee broers spot altyd al is ek die oudste, is ek eintlik die kind in die gesin. Ek speel graag.

Ek het sielkunde en kuns op Stellenbosch gestudeer. Daarna wou ek oorsee kunstherapie studeer om met getraumatiseerde kinders te werk. Maar dit was verskriklik duur. Toe staan ek in my finale jaar by die studente-uitruilafdeling en hoor 'n meisie vertel sy doen dier-gesteunde (*animal assisted*) terapie. Net daar besluit ek dis wat ek gaan doen. Ek ry al perd vandat ek drie is, ek het die geriewe en ek het geweet my ouers sal my ondersteun. Hulle het my baie onafhanklik grootgemaak en ek het altyd die wêreld platgetoer saam met hulle – ook op my eie.

Twee weke later was ek in Skotland, waar ek in die geelbladsye so 'n sentrum se nommer nageslaan het. >

Hare en grimering Joanna Butt van Infidels



M'Lani Basson

Dis wonderlik wat die ou boerperd in hul lewe beteken



M'Lani
saam met
Josef

< Die volgende dag het ek as vrywilliger daar begin. Ek was anderhalf jaar daar en het baie geleer. Ek het besef as so iets te groot raak, verskraal die fokus op die kind. Terug in SA het ek my eie sentrum begin, met klein groepies – net vier kinders op 'n keer. So leer jy regtig hul behoeftes ken, hul sterk en swak punte. Ek het ook 'n huismoeder wat 'n ogie hou terwyl ons met die perd werk.

Ek werk nou saam met die Ligstraal Skool se arbeidsterapeut en kliniese sielkundige, want daar kom baie dinge na vore tydens die interaksie tussen perd en kind.

Vanoggend het Josef 'gehoor' dat 'n meisietjie se pa haar molesteer. Dan kan ek dit oordra en hulle monitor die situasie verder.

Josef het die wêreld se geduld. Hy het altyd tyd om te luister, gee onvoorwaardelik liefde en hy dwing die kinders om te ontspan. Hy verstaan en hy oordeel nooit.

Van die eerste dag en eerste reaksies – 'kyk die koei!' – het die jongklomp oor die algemeen positief gereageer, met leer-en-probeer. Die onderwysers by die skool sê hulle is merkbaar meer entoesiasies, positief oor hul omstandighede, hardwerkend, hulle wil meer bydra in die skool en hulle sien vir hulself 'n toekoms.

Een seuntjie is die enigste kind in sy buurt (vol bendes) wat perdry – kan jy dink wat doen dit vir sy selfbeeld? Hy stap uit en sê: 'Ek gaan perdry.' Dis daai bietjie ammunisie teen die 'jy's tog in 'n spesiale skool ...'

Dit breek my hart as ander leerders na my hardloop en sê: 'My mamma het geld gegee dat ek ook kan perdry.' Ek kan nie meer neem nie.

Ek moet eers nog 'n perd kry en nog iemand wat met kinders kan werk. Josef is my ou staatmaker. Die twee Appaloosas, Rain en Fire, is nog te jonk en onvoorspelbaar – ek gebruik hulle net vir tas-terapie, en vir Rain as 'n leiperd vir die ouer kinders.

Net omtrent die helfte van die 40 kinders het borge (dit kos jaarliks R5 000 per kind), verder is dit maar 'n stryd om voer te koop en die huismoeders te kan betaal.

Maar ek het die kuns van goedkoop leef bemeester. Ek

Perdry is daardie bietjie ammunisie teen die 'jy's tog in 'n spesiale skool'

en my man, Hein, bly in die skuur op die kleinhoewe. Ek het eers drie maande gelede lopende water gekry. Ons het sommer in die perdebakke gebad! Teen die mure het die kinders prentjies vir Josef geverf – tot in ons stort. Soms verf hulle sommer die perd self. En die perde laat hulle begaan, ook as hulle van kop tot stert weer afgespuit word.

Hein is in die tegniese bedryf, maar ook by hom kom mense eerste. Sy trane lê vlak as hy die geluk op die kinders se gesigte sien.

Ek beskou hierdie as 'n liefdestaak. Ek is geseënd om soggens wakker te word met die geluid van 'n perd wat runnik vir kos.

Wanneer ek my kop by die deur uitsteek, is ek in die natuur, heeldag, aldag. Hierdie beroep het my gekies. Die kinders beteken vir my net soveel soos ek vir hulle. Ek kan nie wag dat hulle kom nie, hulle lig my op as ek dalk af voel.

Kirsten is sewe, en so groot soos my handsak, maar as sy om my heen vat en met 'n glimlag opkyk, dan doen dit iets aan my. Dis wonderlik om te sien hoe die kinders vorder. Franklin – in 'n rolstoel met serebrale verlamming – het ná twee weke ses treë gegee. Vandag het hy gehardloop – darem met twee mense aan elke kant. Nou wil hy oefen om meer te kan doen. Dit gaan alles oor selfvertroue. Die kontante Cheryl, wat spina bifida het, het die eerste keer in haar lewe vir die arbeidsterapeut gesê sy wil oefen. Voorheen moes jy vuurmaak onder haar. Ebrahim het sy rolstoel gelos – hy neem nou tien minute om by die klas te kom, maar hy kom daar!

Josef is maar net die begin, en vandaar kring dit uit na ander dele van die kinders se lewe.

Ek is die juffrou, maar eintlik leer die kinders my van die lewe. Soos mededeelsaamheid, en om nie te oordeel nie. Hulle waardeer elke dingetjie. Hulle sien dinge uit 'n totaal ander perspektief. Alles is genoeg. Dis ongelooflik hoe hulle met mekaar werk en mekaar respekteer. Hulle kraak mekaar nie af nie. Hulle baklei oor wie gaan wie dra, wie gaan wie se rolstoel stoot. Ek leer geduld by hulle.

Groot deurbrake, soos 'n kind wat begin loop, is spesiaal, maar dis dikwels klein dingetjies wat my ontroer. Soos die >

PROPVOL
HART -
WAARENDELINE
SAADOLIES
BYNAAN
OMEGAS & 6



Ons mengsel van saadolie bevat 'n perfekte balans van omega 3 & 6 wat goed is vir jou hart. So doen jou hart 'n guns en kry sommer vandag nog 'n bakkie.
www.loveyourheart.co.za





LASER BEHANDELING

n' Revolutionere manier om die vel oppervlak te vernuwe.



'n Revolutionere manier om die vel oppervlak te vernuwe. Die Pearl laser prosedure, FDA goedgekeur vir plooie in 2007, is minimale ingrypende tegnologie wat die vel se oppervlak vernuwe deur die volgende aan te spreek: fyn lyntjies, tekstuur, ouderdomsvlekke, akneeletsels en sonskade met minder behandelings (1-2) en minder hersteltyd as ander prosedures.

Wat ons kliente sê.....

Na 'n onlangse opname in 2007:

- 98% sal Pearl aanbeveel
- 98% Pearl het hulle verwagtinge oortref

Dr's se aanmerkings:

"Wat Pearl uitsonderlik maak dat op dag 1-7, het die pasiente 'n vras bababoud gevoel op hulle velle."
" Pearl gee vinnige, veilige gekontroleerde, effektiewe en herhaalbare resultate."

Pearl behandelings beskikbaar by

Skin Renewal Parkhurst. (011) 477 9731
Rasjeuni Laser Kliniek Welkom & Bloemfontein
084 404 1189 / (057) 353 2002
Nels Skin Care Clinic Durban 072 908 1555
Celebrité Skin & Laser Clinic (PTA) (012) 460 7047
Versprei deur **ERGON MEDICAL**
+27 11 454 1876

ergon@afrika.com / www.cutera.com

< duimafdruk op 'n vrywaringsvorm – dis hoe een seuntjie se ongeletterde ouma dit geteken het, die enigste mens wat na die hele familie moet omsien.

Of as ek met vier kinders huis toe ry en hulle begin met die radio saamsing – dié wat nie kan praat nie, klap hande, ander neurie, ander leer mekaar ... en skielik het jy 'n orkes van vier kinders wat sing en klap en jou kop vryf ... hulle het soveel liefde om te gee.

Maar ek kan nie emosioneel betrokke raak nie. As jy emosioneel raak oor elke vordering of terugslag, sal jy nie die werk kan doen nie. Ek sê in die stilte baie dankie Boontoe, en in my verslae aan die skool stort ek maar my hart uit.

Die twee huismoeders, Estelle en Letizia, twee wonderlike vroue, is gedurende sessies die kinders se maats. Ek is die leier. Disipline is ongelooflik belangrik. Hulle toets ook grense, maar minder as ander kinders. Hul skool is baie streng, want hierdie kinders smek vir daardie gesagsfiguur wat lei, maar nie seermaak nie. Want soveel van die volwassenes wat hulle ken, gee nie liefde nie, of maak seer. Hulle het grootmense nodig wat liefde wys en ook kan sê nee, en dit bedoel – op 'n gestruktureerde wyse.

My werk is baie bevredigend. Dis 'n groot ding om aan te pak, want jy kan nie ophou nie, al is daar nie altyd geld nie. Jy belê lewenslank in die kinders. Ek het daardie kognitiewe besluit gemaak.

Daar is 'n toekomsvisie vir elke kind. Ons werk aan hul positiewe eienskappe. Cheryl gaan nou leer telefone beantwoord by die skool, want eendag wil sy my persoonlike

Ek is die juffrou, maar eintlik leer die kinders my van die lewe

assistent word.

Hul drome is nie dieselfde as wat jou kind het nie. Dis nie goed soos studeer en rekenmeester word nie, dis goed soos om eendag stalle skoon te maak. Of polisiemotors te was. En dis mos bereikbaar. Die een seun is gefassineer met die polisie, en vir sy verjaardag het ek 'n rit in 'n polisievoertuig gereël. Hy was mal daarvoor.

Elkeen het ook sy taak hier: Een vleg perde se hare, die ander hou die leiband vas, 'n ander roskam of maak hoewe skoon, of help die kleintjies ... dit bou alles aan hul selfbeeld, hul menswees.

Dit laat my nederig voel om te weet die twee uur wat hulle hier deurbring, is dikwels hul liggpunt in die week. Dis wat hulle deurdra as dit dalk swaar gaan. Hulle weet hulle kan daarop staatmaak: nog net vier slapies, drie slapies ... My werk is 'n groot, groot voorreg. Dis 'n Godgegewe gawe dat ek kan doen wat ek doen, dat ek 'n aanvoeling het en dat alles net in plek geval het sodat ek 'n verandering ten goede kan maak.

OM TE HELP

Die **Amado-sentrum** is 'n geregistreerde nie-regeringsorganisasie. Om te help (met enige skenkings of deur 'n kind te borg) besoek: www.amado.co.za of bel M'Lani Basson by 083 604 4037.

WAT KAN ERGER WEES AS OM JOU HARE TE VERLOOR? NIE VEEL NIE.

Om 100 hare per dag te verloor kan kommerwekkend wees. Gelukkig is daar 'n merkwaardige produk wat 'n doeltreffende, langwerkende oplossing vir ylwordende hare daarstel.



DIE UNIEKE VIGRO 3-STAP BEHANDELING PROGRAM is geformuleer om nie-oorerflike haarverlies en haarverdunning in beide vroue en mans aan te spreek.

STAP 1 **Vigro Bio-Shampoo** - Gebruik in plaas van jou gewone sjampoe. Vitamiene, minerale en aminosure is effektief in die stimulerende van haargroei. Gehidroliseerde Kollageen streef en beskerm die kopvel en Pro-Vitamine D-Panthenol dring die haarskag binne en hidreer en herstel die vogtigheid. Vir hare wat geneig is tot skilfers gebruik **Vigro Anti-Dandruff Bio-Shampoo**.

Die water-oplosbare Swawel in **Vigro Bio-Shampoo** stroop die hare sagkens van sebum, vuiligheid en produkopbouing. Dit maak die haarskag oop en gereed om **Vigro Bio-Tonic** te absorbeer. **Moet nie opknapper aanwend nie.**


STAP 2 **Vigro Bio-Tonic** - **Vigro Bio-Tonic** bevat Follicusan™ wat ontydige haarverlies verhoed. Follicusan™ gee die haarsakkies woema om nuwe haargroei te stimuleer. Na sjampoe, vryf droog met 'n handdoek en masseer die kopvel met **Vigro Bio-Tonic**. Wag 10 minute voor kondisionering.

Vir addisionele haarvoeding, wend **Vigro Bio-Conditioner Leave On Treatment** met Biotin Complex aan vir voller, dikker hare met besonderse glans. Hierdie behandeling **moenie afgespoel word nie.**

STAP 3 **Vigro Bio-Capsules** - Werk van die binnekant af en help om bloedsirkulasie te verbeter en voorsien spesifieke vitamiene en minerale wat noodsaaklik is vir gesonde haargroei.

Alternatiewelik kan jy **Vigro Plus Bio-Capsules** gebruik met die beproefde anti-oksidad - Lycopene. Hierdie merkwaardige kombinasie van anti-oksidad, vitamiene en minerale is veral geskik vir die intense behandeling van haarverdunning.

Vigro is beskikbaar by apteke en uitgesoekte kleinhandelaars. Klantedienslyn 0860 105 892 www.vigrohair.co.za



KLINIESE TOETSE wys dat Follicusan™ in **Vigro Bio-Tonic** 'n sukseskoers van 90% het in die vermindering van haarverlies.

ANDER OORSAKE VAN HAARVERLIES

SWAK DIEET - Swak eetgewoontes kan erge haarverlies veroorsaak. 'n Tekort aan proteïene kan hare in 'n rustende fase forseer.

SWANGERSKAP EN MENOPOUSE - Kindergeboorte, menopouse of die staking van die Pil kan hare in die rustende fase laat inbeweeg.

VEROUDERING - Ouderdomverwante hormoonfluktuering en swak sirkulasie kan dun, dowwe en lewlose hare en haarverlies veroorsaak. Indien dit nie behandel word nie kan dit permanente haarverlies tot gevolg hê.

MEDIKASIE - Chemoterapie, medikasie vir jg, artritis, depressie, hartprobleme en hoë bloeddruk kan haarverdunning veroorsaak.

SIKTE - Ten minste 30 toestande, van skildklierprobleme tot suikersiekte tot hoë koors kan haarverdunning veroorsaak.